education
Department of Education
FREE STATE PROVINCE

# AFRIKAANS HUISTAAL

# GRAAD 10

# GEMEENSKAPLIKE VRAESTEL

# VRAESTEL 1

# VRYSTAAT

# NASIENRIGLYNE

# JUNIE 2018

**HIERDIE DOKUMENT BESTAAN UIT 6 BLADSYE**

| NO | MOONTLIKE/VERWAGTE ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| **VRAAG 1: ARTIKEL EN VISUELE TEKS** | | |
| **ANTWOORDE TEKS A** | | |
| | | |
| 1.1 | Die geboeliery wat op skoolterreine plaasvind. ✓ | (1) |
| | | |
| 1.2 | Facebook, Instagram en Twitter ✓✓✓ | (3) |
| | | |
| 1.3 | Beide word gebruik om slagoffers af te knou/te boelie/lewens te verwoes/vernietig. ✓ | (1) |
| | | |
| 1.4.1 | Boeliegedrag is opsetlik✓/word herhaaldelik✓/oor 'n lang tydperk toegepas✓/het 'n spesifieke persoon as slagoffer✓/die uitsluitlike doel is om te intimideer/te verneder.✓<br>*(Enige TWEE van bogenoemde kenmerke)* | (2) |
| 1.4.2 | Skoolterreinafknouery laat dikwels 'n fisiese letsel✓ terwyl kuberafknouery meer emosioneel van aard is/nie 'n fisiese letsel laat wat raakgesien kan word nie.✓ | (2) |
| | | |
| 1.5 | Paragraaf 4 maak melding van 'n "groot gehoor" wat verband hou met die frase "openbare domein" in paragraaf 3.✓<br>Paragaaf 4 maak melding van 'n gehoor wat "wyer strek as net die slagoffer se vriendekring" wat verband hou met "mense wat jou glad nie ken nie" in paragraaf 3.✓ | (2) |
| | | |
| 1.6 | Kuberboelies dink verkeerdelik dat hulle in <u>beheer/in 'n magsposisie</u> ✓ van ander mense (se lewens) is en dat <u>niemand iets aan hulle kan doen nie</u>/niemand kan keer/iets aan hulle kan doen wanneer hulle iemand afknou nie.✓ | (2) |
| | | |
| 1.7 | Die insluiting van hierdie statistiek beklemtoon hoe <u>moeilik</u> dit is om kuberboelies aan 'n oortreding skuldig te bevind ✓ EN dat <u>(min) mense/slagoffers</u> bewus is daarvan dat hulle iemand weens kuberafknouery kan aankla. ✓<br>*(Enige soortgelyke response kan oorweeg word.)* | (2) |
| | | |
| 1.8 | Ek is van mening dat verpligte gemeenskapsdiens 'n aanvaarbare/regverdige straf vir kuberafknouery is, want ...<br>OF<br>Ek stem nie saam met verpligte gemeenskapsdiens as strafmaatreël vir kuberafknouery nie omdat ...<br>*(Kandidate se **motivering** waarom hulle met verpligte gemeenskaps-diens as strafmaatreël saamstem al dan nie moet vir die toeken van 'n punt beoordeel word.)* | (1) |

| | | |
|---|---|---|
| 1.9 | • Die meeste kuberboelies is meisies.<br>• Kuberboelies teister slagoffers enige tyd van die nag of dag.<br>• Kuberafknouery vind meer gedurende naweke en vakansies plaas.<br>• Kuberboelies was gewoonlik self slagoffers.<br>• Kuberafknouery is op sy ergste tussen leerders in graad 6 tot 9.<br>• Soos wat ’n kuberboelie ouer word, raak die styl en taktiek waarmee hy/sy boelie meer gesofistikeerd.<br><br>*(Enige EEN van bogenoemde PLUS ’n gepaste/relevante verduideliking waarom die kandidaat hierdie feit as interessant beskou vir 2 punte.)* ✓✓ | (2) |
| | | |
| 1.10.1 | Daar is ’n tekort aan duidelike, wetlike riglyne.✓ | (1) |
| 1.10.2 | Die woord “anderpadkykery” is gepas binne die konteks aangesien dit verduidelik dat ouers wat verkies om nie aandag te skenk aan dit wat hulle kinders op sosiale netwerke doen nie bydra tot die feit dat kuberafknouery nie hokgeslaan word nie.✓ | (1) |
| | | |
| **ANTWOORDE TEKS B** | | |
| | | |
| 1.11 | Jy vergeet wat ons aan jou kan doen, ou maatjie!✓ | (1) |
| | | |
| 1.12 | facebook✓ | (1) |
| | | |
| 1.13 | Die aantal facebook-gebruikers wat van die plasing van die seun se foto gehou het✓, dit gedeel het✓ en kommentaar daarop gelewer het.✓ | (3) |
| | | |
| 1.14 | Die woord “weermag” impliseer ’n geveg✓ en dit ondersteun die “geveg” wat die seun teen kuberboelies oorweeg.✓ | (2) |
| | | |
| **ANTWOORDE TEKS A EN B** | | |
| | | |
| 1.15 | Die onderstreepte sin in Teks B hou verband met “’n valse gevoel van mag en onaantasbaarheid” in paragraaf 4 van Teks B.✓ | (1) |
| | | |
| 1.16 | In Teks B is die pa/ouer/huishouding betrokke by sy kind se stryd teen kuberafknouery.✓ | (1) |
| | | |
| 1.17 | *Kandidate identifiseer ’n aspek wat aan hierdie visuele teks trefkrag verleen.* ✓ | (1) |
| | | **[30]** |

**VRAAG 2: OPSOMMING**
**Nasien van die opsomming**

- Opskrif/Titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul eie sinne, in enige volgorde, skryf.
- Slegs wenke wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.
- Indien die kandidaat die opsomming puntsgewys aanbied, word dit nagesien.

Punte word soos volg toegeken:
○ 7 punte vir 7 feite (1 punt per hoofgedagte)
○ 3 punte vir taal
○ Puntetotaal: 10

Verspreiding van punte vir taal wanneer kandidaat nie woordeliks aanhaal nie:
○ 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
○ 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
○ 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

Verspreiding van taalpunte wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het:
○ 6–7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
○ 1–5 aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

| | AANHALING UIT TEKS | | MOONTLIKE EIE BEWOORDING |
|---|---|---|---|
| 1 | Al is die versoeking hóé groot om iets terug te sê, is die eerste stukkie raad: ignoreer die boelie. | 1 | Moenie op die teistering reageer nie. |
| 2 | Enige bewyse van boeliegedrag soos *WhatsApps* of SMS'e moet gestoor word sodat dit dadelik beskikbaar is | 2 | Stoor bewyse van boeliegedrag vir latere gebruik. |
| 3 | Die bewyse moet ook aan 'n verantwoordelike familielid van die boelie gestuur word. | 3 | Stuur bewyse van die teistering na 'n verantwoordelike familielid van die boelie. |
| 4 | Kinders behoort ook ingelig te word watter professionele kenners hulle kan nader indien hulle oor die teistering wil praat ... | 4 | Kinders kan ook met professionele kenners oor kuberafknouery gaan praat. |
| 5 | Dus moet kinders leer om kuberafknouery onmiddellik aan te meld ... | 5 | Kinders moet nie te lank wag voordat hulle kuberafknouery aanmeld nie. |
| 6 | Kuberteistering met onvanpaste boodskappe van byvoorbeeld 'n seksuele aard of dreigemente van aanranding, moet onverwyld by die polisie aangemeld word. | 6 | Onvanpaste boodskappe of dreigemente moet by die polisie aangemeld word. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 7 | Laastens: leer kinders om versigtig te wees met wie hulle op sosiale media vriende maak. | 7 | Maak seker dat kinders hulle vriende op sosiale media sorgvuldig kies. |

*(76 woorde)*

***'n Opsomming wat in paragraafvorm aangebied word, kan die volgende moontlike bewoording gebruik:***

| |
|---|
| Goeie raad is om nie op die teistering te reageer nie.✓ Stoor alle bewyse van boeliegedrag✓ en stuur hierdie bewyse ook aan 'n verantwoordelike familielid van die boelie.✓ Kinders moet nie te lank wag voordat hulle kuberafknouery aanmeld nie✓ en hulle behoort ook met professionele kenners hieroor te gaan praat.✓ Indien kuberteistering onvanpaste boodskappe insluit of enige dreigemente bevat, moet dit by die polisie aangemeld word.✓ Vriende op sosiale netwerke moet sorgvuldig gekies word. |

*(74 woorde)*

| **VRAAG 3: ADVERTENSIE - TEKS D** | | |
|---|---|---|
| | | |
| 3.1 | selfstandige naamwoorde ✓ | (1) |
| 3.2 | Enkelinkie ✓ | (1) |
| 3.3 | Om die beroemdes in die Afrikaanse filmbedryf te ontmoet/tyd saam met hulle deur te bring/saam met hulle te kuier. ✓ | (1) |
| 3.4 | wêreldberoemde ✓ | (1) |
| 3.5 | première ✓ | (1) |
| 3.6 | Ballade vir 'n Enkeling is nie die storie van liefde wat ooit moed opgee nie.✓ | (1) |
| 3.7 | Kom geniet 'n glasie vonkelwyn en kry die geleentheid om 'n ongelooflike prys te wen!/Die geleentheid van 'n leeftyd!✓ | (1) |
| 3.8 | Leerders verskaf 'n goedgemotiveerde rede waarom die plakkaat se grafika bydra/of nie bydra tot 'n suksesvolle/doeltreffende advertensie nie. ✓ | (1) |
| 3.9 | Die geleentheid van 'n leeftyd lê net om die draai.<br>*(Enige soortgelyke antwoorde kan oorweeg word.)*✓ | (1) |
| 3.10 | namiddag ✓ | (1) |
| | | **[10]** |

| **VRAAG 4: STROKIESPRENT** | | |
|---|---|---|
| | | |
| 4.1 | Maniere is baie belangrik, ✓ my seun. | (1) |
| 4.2 | barbarisme ✓ | (1) |
| 4.3 | L**<u>ui</u>**ster ✓ | (1) |
| 4.4 | ...wat jou sal help (om maniere te leer). ✓ | (1) |
| 4.5 | Hägar vra/het gevra waarom/hoekom die stomme kind sulke snert moet/moes leer. ✓ | (1) |

| | | |
|---|---|---|
| 4.6 | Hy impliseer dat sy seun nooit ’n leier/belangrike persoon gaan word nie/dat sy seun nie oor leiereienskappe beskik nie/dat sy seun ambisieloos is/dat sy ma hom verfynd grootmaak/dat seuns nie oor maniere hoef te beskik nie.<br>*(Enige soortgelyk antwoord kan oorweeg word.)* ✓ | (1) |
| 4.7 | Dit dui aan haar gesprek gaan net voort waar dit opgehou het toe Hagar haar in die rede geval het. ✓ | (1) |
| 4.8 | Hägar bring in Raampie 1’n wind in die teenwoordigheid van sy vrou en kind op terwyl hy drink (“*burrrp!!*”)./Hy lyk in Raampie 3 verveeld (“*gaap*”) terwyl sy vrou hulle kind belangrike maniere leer./Hägar drink in Raampie 6 ongeskik aan sy drank (“*slurp!!*). ✓ | (1) |
| 4.9 | Terwyl Helga (die ma/Hägar se vrou) hulle kind maniere leer, ✓ verskree sy haar man (die kind se pa) in die kind se teenwoordigheid. ✓ | (2) |
| | | **[10]** |

| | | |
|---|---|---|
| **VRAAG 5: ARTIKEL** | | |
| | | |
| 5.1 | oorwinning ✓ | (1) |
| 5.2 | Die -d word nie uitgespreek nie. ✓ | (1) |
| 5.3 | Soedanese ✓ | (1) |
| 5.4 | “...wat Tokelo Rantie vervang het...”/“...wat sy debuut vir Bafana gemaak het...”<br>(*Enigeen van bostaande antwoorde verdien ’n punt*.) ✓ | (1) |
| 5.5 | Samestelling en afleiding het gelyktydig plaasgevind.✓ | (1) |
| 5.6 | Die derde doel is deur Bongani Ndulula, wat in sy eerste wedstryd vir vir Bafana gespeel het, kort voor die eindfluitjie aangeteken.<br>(*Beide die verledetydsvorm van het - is - asook die korrekte woordorde ten opsigte van die werkwoord moet korrek wees*.) ✓ | (1) |
| 5.7 | kat ✓ | (1) |
| 5.8 | eerste/tweede ✓ | (1) |
| 5.9 | dolgraag ✓ | (1) |
| 5.10 | sege✓ | (1) |
| | | **[10]** |